
DIE KOORD
Maandblad van Universiteitsoord
NO. 702 FEBRUARIE 2024

# 'N LEWE VOL EMOJi'S

Fritz Snyman

In 'n wêreld wat aanlyn kommunikasie en digitale interaksie omarm, speel emoji's 'n prominente rol in die uitdrukking van ons as mense se emosies en gevoelens. Hierdie klein, kleurryke ikone het 'n universele taal geword wat mense van alle kulture en agtergronde verstaan. Van vreugde tot hartseer, liefde tot woede, die lewe is 'n avontuur vol emoji's, waar elke "smiley" gesiggie 'n storie vertel.



- 🙂 Die vreugde van 'n nuwe dag, 'n suksesvolle prestasie, of eenvoudig 'n vriendelike groet. Die "Happy Face" emoji is die simbool van positiewe emosies, van glimlagte en sommer net geluk wat ons daagliks deel.
- 😢 Maar dan kom die tyd van hartseer en rou, wanneer ons emosies 'n donkerder toon aanneem. Die ***"Crying Face"*** emoji is 'n baken van troos, 'n manier om ons pyn te deel en steun te soek in tye van verlies.
- ❤️ Liefde, die kragtigste van alle emosies, word dikwels uitgedruk deur die ***"Heart"*** emoji. Dit is die taal van die "hart", wat ons in staat stel om ons liefde vir ander te wys sonder om 'n enkele woord te sê.
- 😡 Maar soms, in die hitte van die oomblik, kan woede 'n uitweg vind in die ***"Angry Face"*** emoji. Dit is 'n waarskuwingsteken, 'n manier om te sê: "Pasop, my grens is bereik."
- 😨 En wat van vrees, daardie onbegrypbare skadu wat ons soms omring? Die ***"Fearful Face"*** emoji bied 'n stem vir ons bekommernisse en angs, 'n manier om ons onsekerheid te deel met ander en hulp te soek wanneer ons dit nodig het.
- 🙏 Maar gelukkig is daar ook hoop, 'n vonk van optimisme wat nooit heeltemal uitdoof nie. Die ***"Praying Hands"*** emoji is 'n simbool van hoop, geloof en gebed. 'n Herinnering dat selfs in die donkerste tye daar lig aan die einde van die tonnel is.

In 'n lewe vol emoji's is elke ikoon 'n klein venster na ons siel, 'n manier om ons innerlike emosies te deel met die wêreld om ons. Maar onthou, agter elke emoji is daar 'n ware menslike ervaring, vol kleur en nuanses wat nie altyd deur 'n enkele ikoon uitgedruk kan word nie. Mag ons dus leer om nie net na die oppervlak te kyk nie, maar om die ware betekenis agter elke emoji te waardeer en te erken. En mag ons dan die vrymoedigheid hê om met al my "emoji's" na God en na mekaar te kom en so sal die gesede waar word:

*"Gedeelde seer is "gehalveerde" seer en gedeelde vreugde is "vermenigvuldiginge" vreugde.*

behoort en beweeg
UNIVERSITEITSOORD

# »» WAT'S NUUS? ««

# 2024

# UNIVERSITEITSOORD













## EERSTEJAARSKAMP 2024

Hierdie jaar het ons gespog met twee eerstejaarskampe (koshuis MERAKI en daghuis AMICUS kamp) almal vir die eerste keer by een kampterrein. Ons studente het dit vreeslik geniet!
**Karmi Smit (Pret Portefeulje) vertel ons meer van die studente se ervaring by hierdie jaar se kamp:**

"Ek was al van voor die eindjaar eksamens begin het, kinderlik opgewonde oor Universiteitsoord se Eerstejaarskamp 2024 en die kamp het verseker nie teleurgestel nie. Dit was een vir die boeke! Dit bygesê, ek weet nooit van watter boeke mense hierso praat nie, lees mense ooit nog? Maar nou ja, met Amicus wat ook die jaar by Jubaweni gekamp het was daar groot opgewondenheid maar ook 'n bietjie angstigheid oor die uitdagings wat dit sou inhou. Nietemin het die komitee en die wonderlike groep personeel (senior studente) al die uitdaging met 'n glimlag en hope gees aangepak. Die gees was aansteeklik! Niemand kon enigsins getwyfel dat die speletjies, supertube, sokkie en sport eindelose genot sou verskaf nie. Dit was *village*, om saam so klomp lawwe mense te kamp sal jou laat skaterlag.
**Village: ons kamp slang vir ongelooflik!*

1,2,3 dis 'n kerkkamp die... Dit was immers 'n kerkkamp en die lofprysingsessies en preke was so waardevol en besonders! Ek glo nie vir een oomblik dat enige iemand daar kon wegstap sonder dat daar waarde toegevoeg is tot hulle alledaagse en geestelike lewe nie. Die "stasie-aand" was net so roerend! Al die goed uitgedinkte geestelike sessies en aktiwiteite het elkeen die geleentheid gegee om bietjie dieper na te dink oor waar hulle staan en waarheen hulle op pad is. Dis ons belewenis dat elkeen kon ervaar dat die Here met ons is en saam met ons die pad stap om 'n toekoms vorentoe te bou.

Kyk, ons het gelag, ons het gehuil, ons het gedans, geswem (nie net in die swembad nie) en ons het sowaar as wraggies hartsmense en lewenslange vriende ontmoet. Dit is so kosbaar om aan die einde van die kamp te kan terugdink na die sukses wat dit was en hoe ons soveel eerstejaars, asook personeel, se lewens kon aanraak op so 'n spesiale en prettige manier. Tot volgende jaar. ;)"


















# PREEKREEKS - EMOJI







Elkeen van ons gaan dikwels deur 'n mengsel van emosies, tegelyk uitbundig en angstig; jy kan verwag om deur die loop van die jaar deur baie emosies te gaan ... Ons emosies is goed! Dit is belangrik om dinge te voel al is dit nie altyd lekker dinge nie.

In hierdie eerste reeks vir die jaar kyk ons na emosies – hulle nie ontken of probeer onderdruk nie – maar eerder erken en probeer verstaan. En ons gaan die Here in ons emosies innooi.

Ons gaan vir Dawid, ons gids, deur ons eie emosies neem. Dawid, die groot koning van Israel, was 'n emosionele en selfs impulsiewe ou wie se lewe nogal deur sy emosies bepaal was.

Die Bybel noem vir Dawid 'n "man na God se hart" (Handelinge 13:22) omdat hy so gemaklik met sy emosies voor die Here geleef het. Mag jy in hierdie reeks ontdek hoe lief die Here ook vir jou het.

Al die materiaal is elektronies beskikbaart op ons webwerf en in die *YouVersion Bybel App*. Dis nog nie te laat om aan te sluit by 'n groeigroepie nie. Kontak Ildamarí by 076 550 6630 om aa te sluit.
*www.universiteitsoord.co.za/preekreeks*




## STUDENTE GROEIGROEPE




Lydenstyd is 'n tyd van selfondersoek, skuldbelydenis, vas, gebed en diens aan ander. Dit is 'n tyd om nóg meer as gewoonlik die Bybel te lees en te oordink. Deur dit alles berei ons voor vir Paasfees, wat die hoogtepunt van die kerklike jaar is. Gebruik gerus hierdie lydenstyd om jouself weer opnuut aan God te wy, bewus te word van Christus se lewe, kruisiging en opstanding en om die omvang daarvan vir jou eie lewe te herontdek.

OPNAMES VAN PREKE
UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA/PREKEOPNAMES

# WAT GEBEUR BY UNIOORD?




http://worlddayofprayer.
net/index.html
Kontak Rianie
(072 382 5375)




Beleef die lydenstyd met pragtige klassieke musiek (Albinoni, Gounod, Jenkins, Pärt, Franck, en ander), ons sing die mooiste lydensliedere, en neem deel met aangrypende simbole. Dinsdag 19 Maart om 19:00.




Kontak Ds. Arno
vir meer inligting
(082 807 4530)

HOU ONS KALENDER DOP
WWW.UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA/NUUS

MEER INLIGTING

NG UNIVERSITEITSOORD

# Orrelkonsertreeks 2024



- **10 Maart | 11:00**

  ***Orrel en vriende*** met ***Andrea Kayser-Mitas,*** viool, tjello en saksofoon

- **19 Maart | 19:00**

  Gewyde orrelkonsert ***Lydensmusiekaand***

*Toegang vir alle konserte:* ***Donasie***

- **7 April | 11:00**

  ***Zanta Hofmeyr*** en ***Isabelle van Rensburg***

- **14 April | 11:00**

  ***In Harmonie:*** ’n Kaleidoskoop van orrel- en klavierduette met ***Albert Troskie*** en ***Erika Bothma***

UNIVERSITEITSOORD

# BOEK RESENSIE

Gerhard van der Linde

**Landman, Christina. 2023. `n Lewe. Kaapstad: Lux Verbi.**

Christina Landman het bekend geword by die Afrikaanse publiek as rubriekskrywer en deelnemer aan radioprogramme. Sy het ook `n lang en produktiewe loopbaan gehad as akademikus by Unisa en was sedert 2006 betrokke by die VGK as predikant en later actuarius. Die eerste agt hoofstukke vertel haar storie, terwyl die laaste `n opsomming bied van die kanse wat die lewe haar gegee het. Haar eie slotsom is dat haar "lewe in die kerk `n lewe van konflik was" en dat sy steeds `n "identiteit van mislukking" het (bl. 168).

Uit die vertelling blyk dat veral twee faktore die rigting van haar lewe bepaal het: haar verwerping van die "volksmoeder-ideaal" en dat sy as vrou nie in die NG Kerk aanvaar is nie. Nadat sy weggewys is by die Universiteit van Pretoria se kweekskool het Landman by Unisa ingeskryf, waar sy in 1980 as die "eerste permanente vrouedosent" aangestel is (bl. 48).

In 1996 skuif sy na die Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie. Daar het sy vry geword van wat sy (ietwat moedswillig?) "tafelnavorsing" noem: jy laat boeke met mekaar "praat" en "Dan haal jy links en regs uit hulle aan en noem dit navorsing" (bl. 61). Die nuwe rigting het eers tot `n projek oor orale geskiedenis gelei en daarna tot jare se berading by Kalafong en `n doktorsgraad in pastorale terapie. Sy skryf: "Dit was die einde van my liberale teologie" (bl. 81). In watter opsig haar teologie "liberaal" was, is nie duidelik nie, maar omstreeks 2009 het sy die Bybel begin lees as `n teks wat genesing en hoop kan bied.

Vanaf Oktober 2003 werk sy vir 13 maande deeltyds in die destydse Pretoria Vrouegevangenis, met die taak om vrouegevangenes se klagtes op te teken en aan te meld.

y het gevind dat seks en geloof vir die vrouens saamloop; God hou jou vas, maar gee ook vir jou iemand om vas te hou "in daardie helse gat" (bl. 93).

Ook in 2017 het Landman navorsing gedoen na hoe God en geloof beleef word in die tronk, dié keer in Zonderwater.

In 2006 stel `n kollega voor dat sy `n dominee word in die VGK, en na haar legitimasie word sy in 2008 beroep na die gemeente in Dullstroom. Deel van haar belewenis daar was dat sy in tien jaar "nooit `n enkele kind gedoop (het) waar die biologiese ma en pa teenwoordig was nie" (bl. 118).

In 2018 begin Landman as predikant van die VGK gemeente Karlienpark by Rustenburg, waar sy tot in 2022 bly. Intussen het haar akademiese loopbaan voortgegaan. Tussen 2010 en 2022 het sy ook verskeie poste in die moderamens van VGK sinodes beklee. In die voorlaaste hoofstuk van die boek vertel Landman van enkele van haar "omstrede" rubrieke en die reaksies daarop.

Hier verwys sy na `n NG kongres oor die "opgeleide vroue in die kerk"; op die stadium wou sy nie (meer?) "`n dominee word in die NG Kerk nie" (bl. 161). Dat sy `n ongemaklike verhouding gehad het met mans in dominante posisies en met die NG hiërargie is gewis. Selfs in die VGK was daar mense wat haar wou ondergrawe. Maar dit is waar sy as predikant tuisgekom het.

Die deurtjie wat na 1990 vir vrouens in die NG Kerk oopgegaan het, was nie genoeg nie. By die lees van haar verhaal wonder ek tog of Christina Landman, met haar eiesoortige gawes en die "tipiese" NG middelklas-gemeente van die tyd mekaar sou kon vind.

Wie weet? Die boek is geskryf met `n bietjie selfspot en bevat selfs `n paar grappies en vermaaklike anekdotes. Die dele van die storie wat emosionele letsels gelaat het, word onderspeel, maar kan nie misgelees word nie.



# FINANSIES

Arno Meiring

Liewe Gemeente,

Dis weer die tyd van die jaar wat ons kyk na ons begroting. Ons wil graag die volgende sake beklemtoon:

1. Ons is baie dankbaar dat Universiteitsoord se finansies goed lyk. Die Here sorg vir ons gemeente en vir ons lidmate en daarom gee ons graag vir Hom die dank en eer vir ons geldsake. Te midde van 'n moeilike ekonomiese tyd kan ons bediening aangaan en kan ons ons gemeenskap dien. Die dankfees- en dankbaarheidsmaand inkomste het die begroting daarvoor oorskry en ons is ook baie dankbaar vir die Noordelike Sinode se subsidie wat 'n groot deel van ons bediening dra. Dankie vir elkeen van u wat getrou jul maandelikse bydraes maak. Ons aanbid en dien die Here met ons dankoffers.
2. Hoewel Universiteitsoord 'n lekker groot kapitaalinspuiting gekry het met die grond en pastorie wat ons verkoop het, moet ons steeds ons dag tot dag uitgawes uit ons gewone, maandelikse inkomste voorsien. Die grootste deel van die kapitaal wil ons verantwoordelik belê en laat groei om in die toekoms steeds bediening moontlik te maak. 'n Deel van die kapitaal moet ook gebruik word om die noodsaaklike opknappings- en instandhoudingwerk te doen, sodat ons terrein en geboue ons bediening die volgende sestig jaar kan ondersteun. Ons geslag Universiteitsoorders wil ook tog iets mooi vir die volgende geslag nalaat!
3. Die probleem is, ons het die laaste twee jaar 'n bietjie agtergeraak met ons maandelikse dankofferinkomste met die gevolg dat ons hierdie jaar, van ons kapitaal (rente inkomste), ongeveer R 600 000 sal moet in-begroot om ons bedryfsuitgawes te kan betaal. Dit is nie ideaal nie.
4. Daarom vra ons as Kerkraad elkeen van u om asseblief jou maandelikse bydrae biddend te oorweeg en te hersien indien die Here dit vir jou moontlik maak.
5. As jy nog nie 'n maandelikse verbintenis het nie of nuut is in die gemeente, nooi ons jou om asseblief ook jou maandelikse offer te bring.


Weereens baie dankie vir jou ondersteuning, jou bydrae maak dit vir ons as Gemeente moontlik om steeds te kan "Behoort en Beweeg".


Vul gerus 'n debietorder (op die toonbank agter in die kerk) in, of gee jou bydrae per koevertjie, EFT of kaart.


# BEGROTING

Totale begroting: R 7, 485 082
Gemeente bydrae: (Dankoffers, Kollekte, Inwonend, Studente) R 2, 227 600
Sinode: R 2, 256 312 (20% van Sinode se begroting)
Ander Inkomste (Kaskar, Verhurings, Eerstejaarskamp, Ouers ens):R 2, 401 170
Rente: R 600 000
Fasiliteite

Begrote Uitgawes: R 7, 500 000
1. Eredienste: (Musikante, tegniese ondersteuning ens.) R 1, 600 000
2. Admin: (Kantoor en dienste) R 1, 800 000
3. Fasiliteite: (Terrein en geboue instandhouding, munisipale koste) R 1 000 000
4. Pastoraat: (Gesprekke, besoeke, groepe, toerusting) R 1, 300 000
5. Uitreike en Diens van Barmhartigheid: (Kinderhuis, Vosstraat, Kampe) R 1, 800 000



# MEER INLIGTING



Linktree
https://linktr.ee/universiteitsoord

## KONTAK ONS

**Kerkkantoor:**
Maretha/Maryna
066 408 0909
kantoor@unio.co.za
**Koster:**
Bedeker: 071 448 1699

**Predikante:**
**Arno Meiring**
Tuisgemeente
082 807 4530
arno@unio.co.za
**Fritz Snyman**
Meraki
082 332 5781
fritz@unio.co.za
**Anuschka Smit**
Amicus
072 599 0695
anuschka@unio.co.za




## DANKOFFERS

**BANKBESONDERHEDE**
NG Gemeente Universiteitsoord
ABSA
Tjekrekening
Takkode 632005
540 580 006

SSWC0076

ADRES: DUXBURYWEG 105, HILLCREST, PRETORIA, 0083 | DIENSTYE: SONDAE 09:30 & 19:00